# Proefskrif-bespreking

## Van Aarde, AG 1982 – God met ons. Dié teologiese perspektief van die Matteusevangelie

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof GMM Pelser; mede-promotor: prof WS Vorster

### 1. Inleiding

In die jare na 1970 het die ontwikkelinge binne die algemene literatuurwetenskap van dié eeu, ook begin deurwerk na die studie van die Bybelse geskrifte. Van groot belang was hier die identifisering van die Bybelse literatuur, dit wil sê die vasstelling van watter tekstipes in die Bybel voorkom, èn die daaruitvolgende bepaling van metode ad hoc. Die werk van Van Aarde is tot dusver die mees uitgebreide wat ten opsigte van die evangelies in Suid-Afrika onderneem is. Buitelands is slegs een werk van dié aard bekend, naamlik David Rhoads en Donald Michie se ontleding van die Markusevangelie. Hierdie boek is ook in 1982 uitgegee. Van Aarde s'n is egter onafhanklik hiervan geskryf. Die uitgangspunt is dat 'n evangelie 'n *vertelteks* is en dat dit daarom geanaliseer moet word vanuit die narratologie, die wetenskap wat hom met verteltekste besig hou. Uit diverse moontlikhede het Van Aarde die model van Boris Uspensky gekies wat die verhaalperspektief in fokus plaas en so volgens Van Aarde "die meeste reg laat geskied aan die funksies wat die konstituerende prinsiepes van 'n vertelling vervul" (bl 35) om die interrelasies van verteller en verhaal, en verteller en leser/hoorder waarin die essensie van die vertellerskuns lê, tot uitdrukking te bring. Uspensky laat dié verhaalperspekief op vier vlakke ontvou, te wete die ideologiese (die idee agter die werk), die fraseologiese (die diksie van die werk), die tyds- en topografiese (die tyd en ruimte van die verhaal), en die psigologiese (die innerlike beeld en motiveringe van die vertelde persone). Van Aarde neem hierdie metode oor, maar met min aandag aan die psigologiese. Aan die hand van hierdie model het Van Aarde 'n analise van die Matteusevangelie gemaak, en hou hy as tese voor dat Matteus se Jesusbeeld saamgevat kan word in die "Leitidee" van die konsep "Immanuel" = God-met-ons.

Vooraf het hy 'n nuttige uiteensetting gegee van die aard en tekortkominge of voordele van vorige benaderingsmetodes.

## 2. Bydrae

Slegs enkele van die mees belangrike sake kan hier uitgelig word:

2.1 Myns insiens is dié belangrikste aspek wat nagegaan is, en 'n aspek wat van primêre belang is binne 'n narratologiese raamwerk, die studie van die *vertelde persone*, oftewel Matteus se karakteruitbeelding. Hierdie aspek beslaan 'n ruim 55 bladsye. As belangrike literêre middel tot karakteruitbeelding wys die skrywer tereg op "benaming". Hierdeur kom veral die (Christologiese) titels sterk na vore, en die feit dat dié titels binne die raamwerk van die narratologie bestudeer is, is van enorme belang vir die verstaan daarvan, omdat dit nou nie as losse eenhede ondersoek is (soos dikwels in die verlede) nie, maar vanuit die verteller en die ander karakters onderling se *perspektief*. Hierdeur word dié titels in 'n verantwoorde en suiwer kontekstuele raam geanaliseer.

2.2 Die dieptestruktuur van die vertelling word gedra deur 'n verteller se ideologiese perspektief. Hier word die *tematologie* van die Matteusevangelie ondersoek, en wys Van Aarde as "Leitidee" uit die idee van "Immanuel", die God-met-ons-motief, waarmee dan bedoel word dat dit die basiese tematiek van die evangelie is. Gesien die feit dat 'n "Leitidee" 'n motief is wat *deurgaans* in 'n bepaalde werk moet voorkom, sou 'n mens hier die vraag kan stel of die motief van die "Immanuel" wel voldoende gemanifesteer word in die evangelie om as "Leitidee" op te kan tree. Van Aarde meen dat die verskyning daarvan in die Matteusevangelie met betrekking tot die voor-pase periode sowel as die na-pase periode voldoende bewys daarvoor is. Die feit dat dié motief in die begin (Mt 1:23), die middel (Mt 18:20), en die einde (Mt 28:20) voorkom, verleen myns insiens sterk *strukturele* steun aan die tese van Van Aarde.

2.3 'n Laaste aspek wat hier aandag verdien is die verdienstelike ondersoeke na die tyds- en topografiese vlak, en veral die integrasie van "tyd" en "plek" op die sekwensiële vlak van die Jesussending en dié van die dissipelsending. Met verwysing na Marxsen wat 'n tweevoudige tydsfasering in die evangelie van

Matteus (voor-pase en na-pase) voorstel, postuleer Van Aarde 'n derde, naamlik dié wat intree met die wederkoms of die mens se dood, en wat in die Matteusevangelie net vermeld word. Hiermee is ek met hom dit eens en pas dit ook in die kenmerkende van verteltekste dat dit naamlik veral aan die einde (vgl Mt 22:23–33 en Mt 25:46) as *vooruitskoue*-element in die vertelling optree. Die topografiese studie van Galilea asmede Jerusalem as belangeruimte, sowel as die funksionaliteit van die Ou Testament, wat veral in Matteus van groot belang is, kan as belangrike bydrae in dié studie van die Matteusevangelie onderstreep word.

## 3. Slot

Van Aarde het daarin geslaag om sy metodologiese vertrekpunt duidelik uiteen te sit, en dit te verantwoord in sy daaropvolgende analise van die evangelie. Dit moet ongetwyfeld as baanbrekerswerk in breë beskou word, en as 'n onontbeerlike handboek in die studie van die Matteusevangelie. Die werk word sterk aanbeveel aan elke student en predikant wat hom wil vergewis van die betekenis van dié evangelie binne die raamwerk van die Nuwe-Testamentiese tekste. Die metode wat hy gebruik het, en die resultate wat daarmee bereik is, onderstreep veral die feit dat die identifisering van 'n bepaalde Bybelse boek van kardinale belang is voordat 'n wetenskaplike studie daarvan aangepak kan word. Die bepaalde tekstipe – en dit geld as onweerspreekbare aspek in die moderne literatuurteorie – dikteer die metode en benadering. Dit het Van Aarde se studie duidelik uitgewys.

**JH Barkhuizen**

**Dreyer, TFJ (sr) 1983 – Vrymesselary as groep in, naas en teenoor die kerk**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof PJ van der Merwe

## 1. Aktualiteit

Die onderwerp Vrymesselary is baie aktueel. In die lig van die volgende twee verwysings blyk die dringende noodsaak dat die kerk 'n duidelike en verantwoorde standpunt oor die Vrymesselary moet inneem. Eerstens verwys ek na die besluit van die NG Kerk Sinode Wes-Kaapland, soos weergegee in Die Kerkbode, 16 November 1983: "Die Algemene Sinode moet sy besluite van 1962 en 1982 oor Vrymesselary herroep, het die Sinode van Wes-Kaapland by sy sitting in Kaapstad gevra. In sy suksesvolle motivering van die aanbeveling, sê die Sinodale Regskommissie dat die Kerk se besluite, wat o m bepaal dat 'n Vrymesselaar nie 'n kerkraadslid mag word nie, verskeie negatiewe gevolge in die praktyk meebring. Daar word verwys na lidmate wat die Kerk verlaat, kerkrade wat onwettig saamgestel word en die beskuldiging wat die Kerk homself ten regte of onregte op die hals gehaal het, nl dat sy bronne nie bo verdenking is nie. Die kommissie sê 'n kerkregtelike beswaar teen die bestaande besluit wat 'n lid van die Vrymesselary verhinder om 'n lidmaat van die NG Kerk te word, is dat die verbondenheid aan 'n organisasie medebepalend vir NG lidmaatskap gemaak word. 'As 'n kerk met groot lidmaatgetalle bedien die NG Kerk mense met verskillende oortuigings wat met verskillende politieke partye, kultuur-organisasie en groepe geassosieer is; instansies waarmee die NG Kerk hom nie noodwendig vereenselwig nie', lui die motivering."

Die tweede verwysing om die aktualiteit van die Vrymesselary vir die kerk na vore te bring, is die standpunt van die Ned Herv Kerk van Afrika (NHKA). Op die Algemene Kerkvergadering van 1964 is na aanleiding van prof FJ van Zyl se rapport besluit "dat genoemde beweging die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, soos God Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, loën, en die belydenis van die Kerk ondermyn en kragteloos maak". Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sê derhalwe op 30 Mei 1983 in 'n omsendskrywe die volgende oor: (1) lidmaatskap van Kerk en Vrymesselary en (2) Amp en Vrymesselary: (1) "Gesien die feit dat die

Vrymesselary 'n ondermyning en dus 'n bedreiging is van die belydenis van die Kerk, is lidmaatskap van die Kerk onverenigbaar met lidmaatskap van hierdie organisasie" (2) "... Die draagwydte van die besluit van 1964 moet baie pertinent onder die aandag van alle verkose kerkraadslede gebring word. ... By die kennisgewing van verkiesing sal in 'n aparte brief die volgende ingesluit word: 'Indien u 'n lid is van die Vrymesselary of 'n beweging wat dieselfde opvatting huldig moet u voor aanvaarding van hierdie verkiesing eers 'n gesprek met die kerkraad voer'."

In die boekbespreking van JJ Swart se boek, wat hieronder volledig genoem word,merk die resensent oor aktualiteit ook op: "Aangesien die Vrymesselaars blykbaar bedrywig is om veral vooruitstrewende jong Afrikaners, veral in die Weermag en die regsprofessie, by hulle beweging te betrek, is dit nodig dat die implikasies wat 'n verbintenis met die Vrymesselary vir die Christelike geloof het, nogeens duidelik uitgespel word" (THN Sadler, Ned Geref Teologiese Tydskrif, September 1983, bl 466).

## 2. Toerusting

Die vraag is nou waarmee kerkrade van die NHKA hulle op die hoogte oor die Vrymesselary moet stel? In die NG Kerk se geledere is veral twee boekies handig: Dr JD Vorster en ds FN van Niekerk, *Die Vrymesselary ontmasker*, NG Kerk Uitgewers, tweede druk, 1973. Die ander publikasie is ouer. Ds FN van Niekerk, *Vrymesselary – sy geheime en sy gevare*, Sacum Beperk. Tweede hersiene en bygewerkte uitgawe, 1969. 'n Derde werkstuk, 'n M Th-verhandeling, aan die Vrystaatse Universiteit, het nou in boekvorm die lig gesien, dié van ds JJ Swart, *Christen-Vrymesselaar – waarheen?* NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1982. In die geledere van die NHKA is dit hoofsaaklik die brosjure van prof FJ van Zyl en Kital se publikasie deur dr MJ du P Beukes, *die Gelowige en vrymesselary*, 1979 en enkele ander geskriffies. Geeneen hiervan bied werklik dieptestudie nie. Dáárom verwelkom die NHKA die onderhawige navorsingstuk van Dreyer. Ongelukkig is die proefskrif uiteraard en met sy 380 bladsye nie beskikbaar om deur al die kerkrade gehanteer te word nie.

Hierdie bespreking beoog nou 'n bekendstelling van die promovendus se akademiese arbeid. Mag ook die diskussie miskien daartoe lei dat die skrywer dit moontlik vind om aan 'n verwerkte publikasie daarvan te dink.

### 3. Tema

Die skrywer het 'n spesifieke tema in verband met die Vrymesselary gekies, 'n tema wat in die verlede min aandag ontvang het. Dit is: "faktore wat groepsgebondenheid aan Vrymesselary versterk, terwyl dit terselfdertyd betrokkenheid by die kerk laat skade ly" (bl i). Die feit dat hierdie beweging so na as moontlik aan die kerk probeer kom verberg die gevaar dat dit in werklikheid teenoor die kerk staan (bl iv).

Omdat dit moeilik is om godsdiens te definieer vergelyk die skrywer eerder bepaalde verskynsels wat by godsdiens en by Vrymesselary gevind word, bv rituele, gebede, redding, godheid, godsdiensoefeninge, sosiale opset, en so meer (bl 1–9). Skrywer bevind: "In teenstelling met die kerk beklee die sondebegrip hier byna geen plek nie" (bl 8). Die godsdienswetenskaplike pretensie van die proefskrif vind verdere steun wanneer die rol van kennis, gevoel en wil as verskynsels by godsdiens en Vrymesselary bespreek word (bl 9–28). Dwarsdeur die werk word tipies van die vergelykende godsdienswetenskap verskillende godsdienstige fenomene beskryf en dan word daarop toegespits dat dieselfde fenomene met min of meer dieselfde funksie ook by die Vrymesselary gevind word. Die herhaalde afwysing uit kerklike standpunt van die Vrymesselary vanweë hierdie fenomene sou my hierdie werk eerder as Elenktiek laat karakteriseer.

As kind of tweeling van die Aufklärung aan die begin van die agtiende eeu (bl iii), lê die Vrymesselary sentrale klem op die orakel van Delphi se belangrike element in die gnostiek (bl 285) en die okkultisme (bl 72–75 e a) naamlik: Ken jouself! Die meeste rituale soos blinddoek-gebruike en bokryery, wat soms aangrypend is, is om jouself te leer ken (vgl bl 233, 251). Die skrywer sê dit nie, maar 'n Vrymesselaar sê: "Ons het geheime. Ons het rites wat deur die eeue oorgedra is en wat simbolies van aard is. Vandaar het ons ook die naam Bokryers. 'n Man loop op 'n plank wat op skrynwerkersbokke staan. Kom hy aan die einde van die plank, val hy, maar daar is iemand om hom te vang. Dit is simbolies van 'n man wat die een of ander tyd gaan val (ken jouself – HG vd W), maar daar sal iemand wees om hom te vang ('n Vrymesselaarsredding? – HG vd W)" (Rapport, 13.03.1983).

By die Vrymesselary is die neiging dat kennis God vervang (bl 18); dat vir die gevoel Vrymesselary 'n emosionele ankerplek in konkur-

rensie met die kerk (hoekom nie in bystand nie? – HG vd W) bied (vl 24); en dat vir die wil van die mens 'n "goue reël" gevind moet word, soos bv in Matteus 7:12 (bl 25). Met dit alles gaan dit in die Vrymesselary net soos in die humanistiese heidendom om wetties op te klim na hoër sfere (grade), terwyl die Christen glo dat God in genade na die mens toe gekom het (bl 27, 30).

Nadat die skrywer wydlopig baie bysake wat verband hou met Vrymesselary bespreek het, keer hy in hoofstuk 7 weer terug na die sentrale inhoud om oor die mens en sy redding te handel. Hy stel: "Een van die belangrikste uitsprake in Vrymesselary is die Vaderskap van God en die broederskap van alle mense." Dit is twee stellings waarvan die eerste uit die deïsme en die tweede uit die humanisme kom (bl 265). In die bespreking veral van die Vaderskap van God is ontbrekende momente wat hierdie uiters belangrike komponent onafgerond laat (vgl veral bl 265 en 272).

Die belydenis in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde, word nie in apposisie by die Vaderskap van Christus vir die gelowiges, waardeur die gelowiges aangenome kinders van God word, gebalanseerd aangebied nie. Daarom bly die kerk vir die Vrymesselary en die moderne universalisme op hierdie flank ook 'n oop teiken.

In hoofstuk 8 word oor groepe belangwekkende dinge, ook vir die kerk, gesê. Die groepgevoel en koinonia binne die Vrymesselary is sterk omdat die groep klein (selfs sewe – bl 353) en geselekteerd gelyksoortig is met 'n tipe sensitiwiteitsopleiding wat hulle op mekaar aanwys (bl 297, 300, 303, 313, e a ). Kan die kerk met sy massiewe gemeentes nie weer iets gaan leer by die Nuwe-Testamentiese huisgemeentes nie?

## 4. Die Kruks

Al sou al die dinge wat van Vrymesselary gesê word waar wees sodat die beweging totaal veroordeeld by die kerk staan, maar die Christen sou vry wees om Christus in die beweging nie net te bely nie maar ook te verkondig, dan sou die kerk m i nie sover kan gaan om 'n Christen-Vrymesselaar uiteindelik af te sny van die kerk nie. Dat iets verkeerd kan wees en dat die kerk 'n persoon daarvoor toepaslik kan tug, is korrek. Maar 'n vader verjaag nie uiteindelik sy kind uit sy huis as sy kind volhard in 'n bepaalde ongehoorsaamheid van mindere graad nie. Die Vader se spesifieke tugreëling bly egter dan as 'n gewetensaak op die kind lê.

Die skrywer sê inderdaad egter dat "in die vierde Verklaring van die Grondwet van die Grootlosie van Suid-Afrika word 'n lid verbied om sy mening te bespreek of te lug oor godsdienstige of politieke vraagstukke" (bl 137; vgl bl 311, 321 en 340).

Op bl 311 formuleer die skrywer wat m i die kruks is. Dit sou miskien soos volg nog duideliker geformuleer wees: "Vir die kerk sal hierdie kloof onoorbrugbaar bly, solank Vrymesselary (of Vrymesselaars as Vrymesselaars in die Vrymesselary) nie kan erken dat daar geen ander naam onder die hemel aan die mense gegee is waardeur ons gered kan word nie as die Naam van Jesus." Vergelyk vir hierdie kern van die essensie van die saak wat ek reeds in 1964 op die Algemene Kerkvergadering gesê het.

Na aanleiding van 'n standpunt op bl 288 weergegee, kan 'n mens sê: Vrymesselary is nie 'n godsdiens nie maar 'n religieuse parasiet wat op moraliteit voed en meeding met die kerk. Hy is sonder wortel (Jesus Christus), maar sy ranke versmoor die takke van die kerk omdat dit wild bo-uit tier sodat die goeie boom se goeie vrugte wegteer.

Wat ander verbied word om te doen, om uitsprake oor godsdiens te maak, word inderdaad deur die Groot Meester homself veroorloof om te maak op 'n groot byeenkoms van lede uit alle dele van die Republiek, die destydse Rhodesië en Zambië (bl 340). Is dit nie 'n simptoom dat die Vrymesselary sy eie godsdiens wil verskans nie?

Die skrywer sluit met 'n ou maar belanghebbende stelling: "Vrymesselary wil homself graag as voorbeeld van verdraagsaamheid voorhou. In werklikheid word hy, net soos baie ander strominge, mensgerig. Sodra die aandag op die mens gerig word, word hy verdraagsaam ten opsigte van die mens en onverdraagsaam ten opsigte van Christus ... Die oogmerk van die kerk moet nie wees om met alle gelowe hand om die lyf te staan nie, maar om Christus aan alle mense te verkondig" (bl 365).

**5. Bysake**

Ander bewegings en hulle verbintenisse en verhoudings tot die Vrymesselary kom ook ter sprake, soos bv die Rosekruisers (bl 42, 212); Teosofie (bl 42, 75); Antroposofie (bl 42); ekumenisme (bl 53, 69, 75, 346); Unitarisme (bl 71, 83) astrologiese dierereriem (bl 73–76); Deïsme (bl 86); evolusie (bl 92); Jehova Getuies (bl 101); Orde van Malta (bl 135); Unisa-simposium oor "Christianity among the Relig-

ions" (bl 341); Ben Engelbrecht van Wits wat sê dat die Jood die verlossing in Christus nie nodig het nie (bl 341); Rooms-Katolieke wat in 1973 te Durban 'n Vrymesselaarsdiens hou (bl 348); oorbodigheid van sending (bl 343v); die Wêreldraad van Kerke (bl 347).

Die skrywer gee baie aandag aan nie-Vrymesselaarsake wat verwantskap met die Vrymesselary het. So byvoorbeeld die naam van die godheid Jao (bl 116, 119); Ihs (bl 120); tekens, bv die sogenaamde vredesteken (bl 122).

Geskrifte (waaronder die plek van die Bybel in die Christelike losies as 'n simbool – 'n ydellike gebruik van die Naam van die Here? (HG vd W) (bl 150, 155, 360)), mites en legendes wat betrekking het op die onderhawige saak word breedvoerig bespreek (hoofstuk 4). Die voorliefde vir die Johannesevangelie en die persoon van Johannes word besonderlik uitgelig. Hierdie voorliefde hou verband met die gnostiese beskouing van die Woord, wat by die Vrymesselaars nie Christus is nie "maar 'n soort panteïstiese siening van God of die onsegbare naam ..." (bl 162).

Ook die simbole van belang word in 'n aparte hoofstuk (5) bespreek. Die Vrymesselaar word bv eerstens voor die "Beeld van Stilte" geplaas (bl 176/7). Fenomenologies vra 'n mens jouself af of daar nie 'n verband (kousatief, analogies of hoe ook al) is tussen hierdie Vrymesselaarsgebeure en die oomblikke van stilte voor 'n kandidaat moet antwoord by sy instelling as lid van die Afrikaner Broederbond?

'n Soort "nagmaal" (bl 200, 347); die Jakobsleer (bl 192); die grafritueel, die pelikaan (wat hom met sy eie bloed sou voed – volgens Dante simbool van Christus) (bl 217); die ligte (209) en ander word as simbole bespreek.

Die rite en wedergeboorte kom in hfst 6 aan die beurt. Veral twee sake is hier baie interessant. In die eerste plek oor die waarde van 'n rite. Die skrywer gebruik Geloftefees op 16 Desember as 'n algemene voorbeeld. "Voortdurend word stemme gehoor dat minder toesprake gehou moet word en dat enigiets wat moontlik kan seermaak, liefs nagelaat moet word. Toegee aan sulke eise sal uiteindelik lei tot onbekendheid met die rede waarom dit gevier word" (bl 230). "Die rite kan alleen sy sin en waarde behou as hy bekend is" (bl 230). Teen hierdie agtergrond sê die skrywer dat daar aan die een kant die Roomse gevaar bestaan dat die kerk rituele so dramatiseer dat dit die betekenis daarvan verloor ... Daarenteen bly die Protestantse kerk aan die gevaar blootgestel, dat hy so maklik in rasionalisme kan

verval dat geen plek meer vir die gevoel (rituele) oorbly nie. In 'n rasionalistiese wêreld, waar verstand en denke (eensydig) tot die uiterste ingespan word, verarm die mensdom in gevoel en Gees" (bl 230). In die tweede plek word die interessante betekenis van die tou-om-die-nek-rite bespreek (bl 244): "(Dit) word met 'n naelstring vergelyk en die losie met die moeder ... Dat dit die kandidaat simbolies moet lei van duisternis en onkunde tot lig. Verder dui dit op onderwerping aan die wil van die Meester."

Al die passasierites by geboorte-doop, puberteit-inisiasie-belydenis van geloof, huwelik, en sterwe, word bespreek (bl 236).

Die sensitiwiteitsopleiding (bl 250, 258, 302) byvoorbeeld in die "trust walk" (bl 235), kom ook aan die orde. Rondom die gedagte van die sentrale tema by die Vrymesselary – om jouself te ken – speel verandering en wedergeboorte (bl 237) van die self 'n belangrike rol. In 'n sekere rite word 'n doodkis, en 'n geraamte daarin, kort-kort belig (bl 256)!

## 6. Geheimhouding

Die skrywer probeer om die standpunt van die Vrymesselaars, dat hulle nie 'n geheime beweging het nie, met die bevinding van regter Botha in perspektief te stel (bl 36). Regter Botha se ondersoek na die Vrymesselary, in opdrag van die Eerste Minister in 1964 (bl 3), bevind dat werklike geheime is slegs sekere tekens en wagwoorde wat dien om iemand te toets of hy aan 'n erkende losie behoort. Die rituele en simbole word geag as van belang alleen vir die Vrymesselaars en word dus nie vryelik geopenbaar nie – hoewel dit nie geheime is nie.

Indien regter Botha op grond van primêre studie tot hierdie gevolgtrekking kom, sou 'n mens graag van 'n teoloog ook op grond van primêre navorsing 'n opinie wou hê. Veral waar 'n Vrymesselaar uitdruklik sê: "'n Vrymesselaar se grootste geheim vind ons in Matteus 6: Hy mag nie praat oor enige vorm van liefdadigheid wat hy sou verrig nie" (Rapport, 13.03.1983). Miskien moet die skrywer, ter wille van die kerk se korrekte houding en die waarheid oor Vrymesselary, die uitnodiging van die Vrymesselaars opvolg en die resultaat in boekvorm saam met sy proefskrif verwerk: "Die Vrymesselaars nooi: Kom ons praat en maak alles oop" (Rapport, 13.03.1983).

## 7. Die Naam van God

Die skrywer gaan volledig in op die beskrywing van die Vrymesselaars se Godsbegrip (hoofstuk 3). Hy kom tot die konklusie: "Daar is sodoende geen plek vir belydenis van geloof in 'n Drie-enige God nie" (bl 105). "Die Christengelowige moet dus 'n naam (Jahbulon), wat nêrens in die Bybel voorkom nie, so ernstig sien dat hy selfs bereid is om sy lewe te gee, eerder as om die naam bekend te maak of om dit ydellik te gebruik" (bl 116). Die bespreking oor die naam is breed en interessant maar tog is dit asof daar nie 'n volledige sluitredenasie is nie. As Jahbulon dan die geheime naam is en nie net die Vrymesselaars se benaming of taal nie, waarom word die naam dan nie werklik deur die Vrymesselaars geheim gehou nie? Hoe antwoord die skrywer op 'n Vrymesselaar wat sê: "Ds Swart sê ons het 'n sogenaamde eie god, wat hy Jahbulon noem. Dit is snert. Ek rig 'n vriendelike uitnodiging aan ds Swart om met my te kom gesels ... Ek sal graag wil weet waar hy aan so 'n god kom" (Rapport, 13.03.1983).

## 8. Benadering

Die fenomenologiese benadering bring 'n bonte verskeidenheid van verwysings mee na sake wat 'n wye oppervlakte dek, maar tog 'n gebrek aan diepte nalaat. Dinge word te los, kunsmatig en gedronge teen mekaar geskuif – selfs die gebed van die Presidentsraad (bl 88). Maar nou moet ook weer toegegee word dat die skrywer wel probeer aandui dat die dinge alles met mekaar verband hou en skakel. Dit bring ook mee dat baie sake herhaal word om uit 'n ander oogpunt bespreek te word.

Die skrywer spring byna konsekwent oor na die Christelike alternatief. Die titel laat dit toe. Die nut daarvan vir die kerk is opsigtelik. Maar die wyse van oorskakeling doen soms naïef en oppervlakkig aan. En die vraag ontstaan of dit nie soms te didakties vir 'n godsdienswetenskaplike studie is nie?

## 9. Oorsprong

Geestelik word die oorsprong van Vrymesselary in die Aufklärung en humanisme gesoek. Histories beweer 'n sekere Levi dat hy gegewens verstrek wat nie in die Evangelies voorkom nie, "dat Jesus na

Egipte gaan en verskeie grade ontvang. Uiteindelik ontvang Hy die hoogste" (bl 43).

Ten opsigte van die Naam van God, wat een van die gnostiese kensake van die Vrymesselaars is, word beweer dat Moses by die brandende bos die Naam gehoor het (bl 102). Dit is so aan die hoëpriesters oorgelewer wat dit drie keer op die Versoendag in die Allerheiligste van die tempel herhaal het. Ook koning Salomo het oor die Naam beskik en hy het histories dan ook 'n plek in die Vrymesselary (bl 103).

Die verband tussen die godsdienste van Egipte en Babilonië word genoem (bv bl 171). 'n Mens sou egter graag 'n duidelike en eenvoudige bespreking wou hê van waar en wanneer of hoe die Vrymesselary sy aanknoping by hierdie godsdienste gekry het. Opvallende ooreenkomste word gekry in die rites van die misteriegodsdienste en Vrymesselary (bl 239). Maar oor die algemeen moet die skrywer erken: "Standpunte wat in hulle (die Vrymesselary) geskrifte gestel word, laat die moeilik beantwoorde vraag ontstaan: Was sulke standpunte deur Vrymesselary veroorsaak, of was dit reeds die standpunt, wat maar net in Vrymesselary 'n tuiste gevind het?" (bl 281).

### 10. Aanhalings

Die baie aanhalings dwarsdeur die proefskrif, soms selfs meer as 'n bladsy, bv bl 68, 128, is vermoeiender as om die gedagtes in die skrywer se woorde weergegee te vind, met die nodige verwysing. Tog is die volledige aanhalings nuttiger omdat die bronne nie geredelik vir volledige teks en kontrole beskikbaar is nie. Ongelukkig is baie aanhalings egter oor ander se menings en nie uit die bronne van Vrymesselary self nie. Dít kon dalk ingekort gewees het.

### 11. Algemeen

Daar is nog baie sake waaroor 'n mens vir die praktyk beter ingelig wil wees. Dikwels het Vrymesselaars byvoorbeeld teenoor my die stelling gemaak dat hulle nie die Vrymesselary kan bedank nie. Wat is die Vrymesselary se standpunt hieroor werklik? Aan die ander kant kan enige persoon enige saak eties versaak. Of so 'n versaking eties-goed of eties-sleg is, is nie ter sake nie. Of die betrokke saak of

instansie die versaking aanvaar of nie, is nie ter sake nie. "Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe, of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping (Vrymesselary) kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here" (Rom 8:38).

Verder is die vrees wat oud-Vrymesselaars omdra om op een of ander wyse aan hulle persoon benadeel te word, ook 'n ander aspek waarop volledig in 'n moontlike publikasie-verwerking ingegaan moet word.

'n Ander algemene opmerking oor die onderhawige proefskrif is dat die oningewyde leser meer baat sou vind indien die skrywer die grade en terminologieë êrens sistematies en volledig sou verduidelik het.

Soms word stellings gemaak wat 'n mens graag wil kontroleer maar waaroor weinig of geen verwysings gegee word nie, bv die stelling: "Talle kere word deur Vrymesselaars na die wêreld buite Vrymesselary as *profaan* verwys" (bl 187).

Sou daar in ons land ook Kleurlinge, Indiërs en veral Swart mense wees wat aan Vrymesselary behoort? Indien nie – hoekom? Vrymesselary aksentueer dan juis die broederskap van alle mense!

Op bl 296 ontstaan die vraag hoe iemand se belangstelling gewek word om aansoek te doen tot lidmaatskap van die Vrymesselary? Want daar word gestel dat hy ná aansoek gekeur word en "omdat die persoon uit eie beweging aangesluit het, kan verwag word dat hy met groot ywer sy deel wil bydra".

Miskien sou 'n praktiese riglyn uit alles wat gesê is, veral op grond van die verantwoordelikheid van die kerk soos op bl 351–355 gestel, gepas gewees het. So 'n riglyn wat rekening hou met die reeds bestaande riglyne van die NHKA kan in 'n eventuele publikasie bygewerk word.

## 12. Bronne

Vrymesselaars se verweer teen die kerk se voorligting teen Vrymesselary is gewoonlik dat die kerk van verouderde of irrelevante bronne oor die Vrymesselary gebruik maak.

Só verweer "mnr David Lubbe, 68, gewese voorsittende meester, beskermheer van die geloof en orde, sowel as bekleër van die dertigste graad (die hoogste orde wat 'n lewende Vrymesselaar kan

bereik)" hom inderdaad teen ds Swart se bronne (André Kotzee, Die Vrymesselaars nooi: *Kom ons praat en maak alles oop,* Rapport, 13.03.1983). Dreyer gee aandag aan Swart se publikasie by wyse van 'n bylae op bl 346 omdat die publikasie te laat vir integrering in die proefskrif verskyn het. Ook op Rapport se berig word in die Bylae ingegaan. Dreyer sê bv dat "so 'n stelling (die dertigste graad as die hoogste vir 'n lewende Vrymesselaar) veronderstel dat Vrymesselaars van die 31° tot 33° nie meer kan lewe nie. In Suid-Afrika is daar verskeie Vrymesselaars wat tot hierdie grade behoort en hulle sal seker nie gelukkig voel oor so 'n stelling nie" (bl 366).

Waar Lubbe juis die Amerikaanse bronne aanval omdat die Suid-Afrikaanse, Skotse, Ierse en Engelse beweging die Amerikaanse nie erken nie, is dit opvallend dat Dreyer meestal Londonse en Suid-Afrikaanse bronne hanteer. Dreyer verweer verder: "Indien Vrymesselary in Suid-Afrika niks met Amerikaanse Vrymesselary te doen wil hê nie, waarom gebruik hulle so dikwels artikels in hulle lyfblad wat uit Amerika afkomstig is?" (bl 367). Lubbe sê verder oor die Amerikaanse losies: "Hulle word juis nie erken nie omdat hulle neig om Vrymesselary in 'n eie godsdiens te verander ..." (Rapport 13 Maart 1983). Indien Vrymesselary 'n inherente stryd voer om weerstand te bied teen 'n metamorfose om 'n godsdiens te word, moet dit aan die lig gebring word.

**13. Errata**

Behalwe die bygevoegde lys van errata (op bl 346 seker aandagstreep i p v koppelteken?) wys ek ook op die volgende korreksies: bl v – byvoorbeeld i p v bevoorbeeld; susterkerke i p v susterskerke bl 2, 309 en baie ander; Hy (2×) i p v hy (bl 44); akwariese soos op bl 76 i p v Akawariese (bl 74); weer eens i p v weereens (bl 75, 256 e a); Which i p v wich (bl 89); akkommodeer i p v akkomodeer (bl 100); dat 1 × i p v 2 × (bl 116); kerk (soos onder op bl 191) i p v Kerk (bl 191); annually i p v annualy (bl 198); ofte wel i p v of te wel (bl 216 e a); geïgnoreer i p v geïgnoeeer (bl 234); "sowel ... as i p v sowel as (bl 298); gesin i p v familie (bl 301 e v).

## 14. Slot

Die promovendus moet met sy selfstandige navorsing en insameling van materiaal gelukgewens word. In die samevattende kommentaar op die verdediging van die proefskrif op 3 Augustus 1983 word dan ook deur die eksaminatore waarderend gestel: "Die proefskrif word as 'n omvattende en goed gedokumenteerde stuk werk beskou. As sodanig behoort dit van groot waarde vir die kerk te wees in sy ontmaskering van die Vrymesselary."

**HG van der Westhuizen**